Gen. 7: 1
Ges. ~~52: 1, 17.~~
Ges. ~~160~~: 6
160:

# Die Dinge wat Bly

2 Kor. 4: 16 – 5: 10

Stasie
Junie '40

Lxt Sept 40

2 Kor. 4:18 – „Want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."

Inl: i) 'n Ander semester verby – ses maande v.d. jaar – 'n tyd vol van gebeurlikhede soos seker nog selde beleef i.d. gesk. v.d. Wêr. Bliksemsnel het d. een geb. na die ander mekaar opgevolg, is een na d. ander land v.d. Ou Wêr. in die maalstroom v.d. oorlogswoed ingetrek & oral waar die vloed sy loop geneem het, het hy niks anders as ellende & vernietiging gelaat. En so terwyl ons hier bymekaar is, ~~gaan~~ woed die onverbidd. stryd voort.

Oor die aangesig v. Europa, ~~[illegible]~~ staan in groot vlammende letters die een woord: Verw. geskrywe. En deur al d. dinge heen het so stadigaan die vr. opgekom: Wat is die dinge wat gaan bly as die oorlog verby is? Watter lewenswaard gaan die lewe v.d. mens beheers hierna?

Kultuur-skatte

Vraag gekom

Dit was onvermydelik dat die vr. moes opkom, want elke dag het ons aanskou hoedat een ~~die~~ na die ander, die dinge wat ons as onwankelbaar beskou het, in duie gestort het, hoedat al die tydel. dinge waarop mense ~~ons sonare Kultuurskatte~~ gebou het, onder hulle voete weggesink het: rykdom, posisie, eer, ~~[illegible]~~ aansien – al hierdie dinge is geweeg & te lig bevind.

Die gevolg was dat ons ~~altyd~~ dieper as ooit vantevore onder d. indruk verkeer dat d. wêreld v. vyd. baie onbetroubaar is wat sy waardes betref, dat d. dinge wat vir die wêr. soveel betek. gehad het, nie kon standhou toe hulle d. toets v.d. smeltkroes moes deurgaan nie.

// Baie treffend het d. Bisk. v York onlangs gesê dat ons tyd soos 'n groot winkel is w/in 'n dief inkom wat al die pryskaartjies verhang sodat baie v.d. kosbaarste dinge baie laag gemerk en d. minderw. hoë pryse dra. Die Krisistyd wat ons nou deurgaan het d. werklikhd weer duid. op die voorgrond gebring, het gemaak dat ons veral as jongmense, weer aan ons. begin vra het: // Waarvoor leef ek? Wat het vir my die hoogste waarde in d. lewe?

~~Antw. baie noods. want dit sal ons ook rigting gee i.d. lewe.~~

Paulus gee ons ~~die~~ antw. in 2 Kor. 4:18: „Want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig." M.a.w. Is die dinge wat ek na streef sal ~~wat is~~ die dinge wat tel in die lewe? // Is die ding w/voor ek werk, die moeite werd? 'n Antw. op dié v. baie noods. want as ons weet watter dinge onverganklik is, dan weet ons ook watter weg om op te gaan, watter dinge om na te strewe, om ~~sodat dit ons antw.~~ rigting + koers te gee aan ons hele lewe.

1900 jaar gelede het 'n man 'n antw. gegee op die vr:
„Want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigb. ewig".

Dis d. antw. van 'n man wat d. lewe met al sy onsekerhede, al sy ellende, al sy angs, al sy verganklikh. beproef het soos min v. ons // Tydel. beproef

Innan v.a. na 1900 jr. kyk ons terug & vra: „Was hy reg?

Ons: Die tyd wat in ons v.d. lewe het ons baie duid. gewys d.d. tydel. verhs. dinge v.d. wêr. die sigbare dinge is – stem ons saam met P. wat se deel betref.

Paul: Die tyd wat die mensd. geleef het vanaf Paul. het ons nog duid. gewys dat P. net so reg is in sy se stelling: Dat d. ewige, blywende dinge is d. onsigbare, die geestelike.

~~Nu. wat verstaan ons onder die terme „onsigbaar"? Wat bedoel ons as ons sê dis die „geestel. dinge" is wat werklik mees in die lewe?~~

Die gesk. self gee ons ook die antw. & wys ons sekere dinge wat bly deur die eeue heen.

paar v.d. dinge gee in hoop dat dit sal rigt gee

I Die Koninkryk v. God:

Daar is eerstens d. K.v.G. wat bly // Ander Kon^e kom & gaan – volke word gebore, groei, & sterf weg m.d. eeue. Die een beskawing na die ander bloei op & sterf weer weg. Ind. gees sien ons die lang ry van Kon^e & heerskappye wat verbygaan in d. stof om te verdwyn in d. vergetelheid

① Ons sien daar die magtige Kon^e v.d. Assiriërs & Egipt. ook verbytrek met al sy glans & glorie wat alles verdwyn het & niks nag net 'n paar eensame Klipmonumente oorgebly het om die tragedie v. dd. ryke a.d. wêreld te toon!

& pyramides

(2) Bietjie verder wes, oor dies. Mid. See wat v.d. weer in die hooflyne v.d. wêreldgesk. is, lê 'n ander ryk, Griekeland, waarvan voor soveel jaar 'n magtige heerser, Alexander, uitgetrek het om die hele ontlig. wêreld te verower m.d. swaard & met bloed totdat hy – en sy ryk – hulle uiteinde gevind het op 'n drinkparty in Babilon!!, omdat hy wat nasies kon temme, sy eie gees nie kon beheers nie!

(3) Oor dd. selfde see lê Italië, die groot ryk v.d. Caesars, wat deur geweld & ~~oorheersing~~ dkin geslaag het om al die volke rondom die M.S. te verower & te beheers. Mr ook hy het vergaan & die naam v.d. groot C. word nie meer genoem nie. //Napoleon, ander groot Ryke!//

Hoe geweldig & onwankelbaar het die ryke gelyk! Die Ryk v Rome kon d Seun v G selfs aan 'n Kruis vasnael. En tog het Sy Gees & Sy Lewe dd. ryk geskud tot in sy fondamente en dit omvergewerp in die stof v.d. aarde! Al wat oorbly: paar eensame verbrokkelde tempels op vlakte v R!

En nou weet ons & verstaan ons dat geen v.d. Kon. v.d. wêr. wat gebou is op geweld & mag & oorheersing & ritueel vertoon & huigelary & oorlog ooit sal of kan standhou nie, omdat hulle nie gebou is op liefde & diens & vrede & geregtigheid nie, omdat hulle fond. nie staan op d. Rots v.d. Ewe

Nou weet ons dat sy Kon., die onsigb. ryk v. liefde & opofferinge & vrede, die enigste is wat standhou & bly; die enigste K. wat sterker word deur die storme, die enigste Kon. wat in ewigheid sal leef! Wat beteken burgerskap van so 'n Kon. nie!

## II, Die Waarheide v.d. Woord:

Daar is nog 'n ding wat bly: die Wrhd v G's Wd! Deur die eeue heen staan dd. waarhede onwankelbaar vas, ten spyte van duisende aanslae, verwoede aanvalle d/op! Hoeveel keer het dit nie gelyk asof die Ewige Wd nooit die stryd sou kan deurstaan nie, asof die aanv. sieverend uit die stryd sou tree – en tog! elke keer is uit die donker v.d. nag van stryd die daeraad v 'n nuwe lewe gebore! Altyd weer het Gods Wd getriomfeer!

Ook v/d. leer ons duid. as ooit dat dd. wrhe v.d. Wd die dinge is wat gaan bly.

① Daar is die wrhd v.d. liefde wat nooit kan vergaan nie. Is dit nie dies. man Paulus wat dit uitgejubel (sing) het nie? „Profesieë – hulle sal tot niet gaan; of tale – hulle sal ophou; of kennis – dit sal tot niet gaan – maar die liefde vergaan nooit nie. En nou bly geloof, hoop, liefde – hierd. 3; mr. die grootste hv. is di. liefde".

Ons lewe in 'n tyd van geweld & haat, in 'n wêr. waar die liefde blykb. geen plek meer het nie. Skynbaar is bitterhd & jaloesie & brandende haat besig om die wêreld te verwoes & uitmekaar te skeur.

En tog weet ons dat haat nie kan oorwin nie, omdat dit niks kan bou nie, omdat dit d. ellende & verw. ~~kan veroorsaak~~ net meer bevorder (Bomme & verwoes & vergif.). Dis alleen die mag v.d. liefde wat weer uit die puinhope 'n nuwe lewe en 'n nuwe wêreld kan opbou; alleen deur 'n liefde tot G & liefde tot d. medemens!

wat standhou!

Het ek d.d. liefde?

(2) Saam m.d. waarhede staan die waarheid v. O's geregtighd wat sal seëvier. So baie Keer, veral in hd. tyd lyk dit soms asof die mens m. sy lewe die geregtighd v O wil doodpraat, wil verkleineer. Soms lyk dit asof volkere leef sonder om ooit te dink a.d. Ewige O van geregtighd wat nie anders kan as om die onreg v.d. mensdom te straf nie.

Vir 'n tydalank mag dit lyk asof die sonde, die ongeregtighd sal seëvier, mr. a.d. eikinde weet ons tog: God sal spreek, nie net tot een volk nie, mr tot alle volke om hulle weer te bring op d. weg v. geregtighd & gehoorsaamhd aan Sy wil.

(3) En so kan ons ~~aangaan~~ om d. een X. ~~deug~~ na die ander op te noem, {waarhede} deugde wat sal bly staan omdat die bron v. dd deugde, Xt.J., onveranderlik is. Daar is d. deugde van opregtigh^d, onselfsugtigh^d, reinheid, vergewensgesindhd – al hd. dinge mag v.d. deur baie mense verag & ~~bespot~~ word, mr. ons gaan voort in die sekurhd: die wêr. met sy siening, & ~~[illegible]~~ & eiebelang & sy weiering om te vergewe sal tog weer eendag moet terugkom na die Ewige waarhede v.d. Woord v. O omdat alleen ~~[illegible]~~ daar die mens vrede & rus vir sy ~~[illegible]~~ siel sal vind! // omdat dit die enigste dinge is wat bly!

## III Verlossing in Xtus Jes:

Die Kon. v. G sal bly, die Waarhede v. d. Wd, mr. al die dinge is alleen 'n vonk v.d. uitnemendste v. alle dinge wat bly: Verlossing in Xs — verlossing van ons self & ons eie swakhede, verlossing van die nood v.d. hele mensdom! Dit is

Vand., sterker as ooit tevore roep h.d. Man van Nas. ons toe, wil Hy aan ons skenk die lewende brood, die water v.d. ewige lewe, 'n huis nie met hande gemaak nie, ~~'n skat~~ wil Hy gee 'n skat wat d. mot & roes nie kan verteer nie.

Vand. aandoenliker as ooit vantevore kom pleit hy by by 'n hardhorende wêr., by 'n vertwyfelde Xdom, by 'n ontreddende jeug met die wde: Laat julle met God versoen: soek om Een te word in hart & strewe met Hom, die ewige Onverganklike, Blywende Werklikhd.

Dit lê by ons om d. keuse te doen — of ons die verganklike, verbyg. dinge hoër gaan ag as die ewige, blywende, onsigbare dinge. In d. diepste is dit 'n saak van geloof teenoor aanskouing. ~~Een of ander tyd moet die keuse gedoen word — of ons ons staanplek gaan neem aan by by~~

In h.d. tyd v. groot omwentelinge —

Hd. keuse kan ek u nie beter stel: die keuse tussen die tydl. & die ewige dinge as om 'n twee skilderstukke voor te hou wat jare

→ Watter waardes gaan in ons eie hart lewe?

op watter begansels bou ons die drome v. 'n nuwe w. & ons eie lewe?

① Kon. ② Toheid: hofde, geregtigheid

gelede gelykt. vertoon is in twee beroemde Kunsgalerye v.d. wêr;

~~in twee Kunsgalerye v.d. wêr,~~

~~gelede vertoon is — een op Eng Akad. ander in Louvre Salon~~

① Eerste was dié van 'n ~~Koning~~ pasgestorwe Koning op sy praalbed — die grootste huise v. sy tyd ~~wat~~ wie ~~hom~~ ~~begegroet het~~. se septer van stil lê langs hom, terwyl sy onderdane besig is om sy skatkis te roof

Getitel: Die Oorwinnaar

② Tweede skilderstuk dié v. man in rotsgraf — sy stryd is oor — sy vyande het gesëevier. Mr. die liefde het sy ligg. in spesery geklee en hom 'n nuwe graf in 'n tuin gegee. Nie R. soldate, mr. d. engele v G bewaak Hom in Sy ewige rus. as d. dag breek sal Hy opstaan as oorw. oor lewe & dood, oorwinnaar oor die wêr. wat verbygaan & oor die rykdomme v.d. wêr wat vir altyd sal bly.

My medeXtene,

Vir dié v. ons wat reeds in ons eie lewe ondervind het dat d. enigste dinge wat bly is die K. v. G. die Wd v Sy Wd & die Verl. in Xs. — laat ons voortgaan met die werk wat Hy ons gegee het, laat ons as d. burgers v Sy Kon. nog meer as ooit vantevore onsself stel in die diens v. G.

En as die dae v. vertwyfeling kom, die ure wanneer ons moed ons wil begeef & ons bang word vir die toekoms & al sy donkerheid, laat ~~ons~~ dan onthou dat die dag sal kom

~~wêreld~~ :

wanneer Gods Kon. sal triomfeer, sal heers vir ewigheid tot ad. uiteindes v.d. aarde!

Laat ons dan die moed nie opgee nie, nie ~~moed~~ voorw-gaan [al vergaan ons uiterl mens,] omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, nie. op die onsigbare; want d. sigbare dinge is tydl. nie. d. onsig. ewig!

Laat ons ~~singende~~ voorw-gaan gedagtig deur ons geloof & vertroue in G, laat ons sing:
As pad donker ~~word~~ - styg swaar - versterk deur lied & geloof & vertroue wat ook ons vadere deur donkste lewensure gedra het:

Ons dae maande jare
Vlieg soos skaduwees verby;
Alles wissel soos die blare
Niks wat hier bestendig bly.
Op die weg, hoe vas ons skrede,
Staan g'n voetstap wat verbeid
Al die hede word verlede
Tot die lange ewigheid
=

Snel dan jare, immer spoedig,
Met verheuging & verdriet
Watter ramp my ook ontmoedig
// God my God verander niet //
Al maak alles my verdrietig
God beveilig met sy hand
En uit hierdie lewe vaartig
Sien ek güdse Vaderland!